

**Skrifgedeelte: Openbaring 16:1-9**

**Fokusgedeelte: Openbaring 16:7 (AFR)83**

**Die heilige toorn van die heilige God**

Ons weet deesdae almal van klimaatsverandering en die wêreldwye probleem van besoedeling, die grootskaalse besoedeling van die lug en die see en die riviere. Dié probleme het direk te doen met die swak manier waarop die mensdom met die aarde omgaan. In 'n sekere sin pluk die wêreld dus die vrugte van die probleme wat ons self gemaak het.

Wat sal gebeur as God Self sy heilige toorn oor hierdie wêreld uitgiet? Dit kom ter sprake in Openbaring 16, naamlik die sewe engele met hulle bakke wat gevul is met die toorn van God. Hierdie engele het uit die tempel gekom, die woonplek van God (15:5). Kortom: die heilige toorn van die heilige God! Die afmetings hiervan word in Openbaring 16 uitgespel en is met een woord onoorsienbaar groot!

In Openbaring 8 en 9 het ons ook al met hierdie dinge kennisgemaak, met die trompette wat geblaas het. Dan is telkens een derde van alles getref. By die sewe laaste plaë is dit nie meer net een derde nie, maar alles!

Die eerste engel wat sy oordeelsbak op die aarde uitgegooi het, laat ook dink aan die sesde plaag destyds in Egipte, naamlik swere wat aanhoudend etter. Ja, God het al sulke dinge gedoen! Nou, Openbaring 16:2, pynlike en kwaadaardige swere, en dit baie spesifiek geteiken: by die mense wat die teken van die dier het!

Die tweede engel het sy bak oor die see uitgegooi. Ons weet watter groot rol spesifiek die see speel. As die water van die see soos bloed word, kan die see nie meer sy funksie vervul nie en gaan alle seelewe dood, wat 'n ondenkbare ramp is, en ook alle vervoer in die see kom tot stilstand.

Die derde engel se bak laat weer dadelik dink aan die eerste plaag destyds in Egipte. Let by hierdie ontsagwekkende gebeurtenis spesifiek op die kommentaar van die een engel: "U is regverdig omdat U hierdie oordeel voltrek het." Dié gewigtige uitspraak is weer verder beaam deur nog 'n engel op 'n baie plegtige manier: "Ja, Here God, Almagtige, betroubaar en reg is u oordele."

By hierdie punt moet ons ook dink aan die geroep van die siele onder die altaar toe ons Here Jesus die vyfde seël oopgemaak het: "Wanneer voltrek U die oordeel en wreek U ons dood op die bewoners van die aarde?" Nou, in Openbaring 16, kry ons die antwoord, en daarvan kan nie anders gesê word nie as wat die engel wat oor die altaar toesig hou, gesê het: "Ja, Here God, betroubaar en reg is u oordele."

Ook net so finaal is die reaksie op die aarde op die ergste hittegolf ooit: dat die mense hulle nie bekeer het nie, en mense wat só maak, is inderdaad ryp vir die oordeel!

*Sing: Psalm 33-1:4*

*Ds. DHP (Dirk) Wijnbeek (Emeritus)*